Die Voortrekkers - Letaba

KENTEKEN NAWEEK GGN/2019/21
(Vrydag 11 Oktober tot Sondag 13 Oktober 2019)

TYDPERK: Vrydag 11 Oktober tot Sondag 13 Oktober 2019, (opening om 18:00, dan moet alle tente reeds opgeslaan wees) Registrasie vanaf 15:00. *Ete word Vrydagaand voorsien*

PLEK: Mac Country Venue Kampterrein (Oorkant Magoebaskloof Hotel) tussen Polokwane en Tzaneen. Kom geniet 'n avontuurlike kamp in die Limpopo Provinsie.

ALGEMEEN

1. E**lke groep van 6 kinders moet vergesel wees van ten minste een VOLWASSENE**. (Dit is veral belangrik vir Graad 1 en 2).
2. Kommando's moet verseker dat die kursus waarvoor die kind inskryf, die regte een is.
3. Indien 'n kind **nie kan swem nie**, sal hy/sy verskuif word na 'n ander kursus/aktiwiteit.
4. Elke kind moet asseblief 'n pakkie koekies met vulsel en 'n rol toiletpapier saambring wat ingehandig word met registrasie.
5. Daar is nie 'n snoepie op die kamp nie
6. Geen selfone word op die kamp toegelaat nie, indien 'n kind 'n selfoon saambring sal dit ingehandig word met registrasie en weer uitgedeel word as die kamp verby is. Die kampbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat wegraak nie.
7. Volwassenes, Verkenners en Gr7's bring vir jouself 'n lekker kampstoel saam om op te sit.
8. Elkeen sorg vir sy eie ***waterdigte*** tent. Die moontlikheid bestaan dat dit kan reën. Maak asb seker dat die tent heel is en dat al die penne en pale ingepak is. T ente kan tussen maats gedeel word.
9. 'n Spesiale program word gereël vir die Krappies (Kleuters) van Offisiere en Ouers.
10. Krappies sal slegs aanvaar word indien 'n ouer saam kamp.
11. Geen meelopers op die kamp nie, almal word ingedeel om te help.
12. Kommando's is welkom om spanvlae saam te stuur. Daar is 'n plek beskikbaar waar dit uitgetsal kan word.
13. **By kansellasie korter as een week sal die volle kampgeld verbeur word**. Uitruilings sal oorweeg word.
14. LW: Niemand mag die kamp verlaat voor 13:00 op Sondag 13 Oktober nie.
15. Die volgende inskrywingsdokumentasie word aan jou kommando gestuur of is ook beskikbaar op die webblad. *Vorm C en D moet asb per e-pos gestuur word aan alle lede van die kampbestuur soos benoem op kamp inligting*. *Oorspronklike inskrywings vorms moet ingehandig word by registrasie met aanvang van kamp.*
    a. Vorm "A" vir Jeuglede;
    b. Vorm "B" vir Volwasse lede;
    c. Vorm "C" Naamlys volgens kursusse;
    d. Vorm "D" vir Opsomming van getalle;
    e. Vorm "E" Kamp Vrywarings vorm;
    f. Alle nie-lede moet 'n Vrywaringsvorm voltooi (L10 of L11)

Kampgeld moet in die kommando se rekening in betaal word, met jou voorletters en van as verwysing gebruik:
Rekening naam: Letaba Voortrekkers **ABSA, Tzaneen tak,**
Rek no: 4067615581 **e-pos:** renecoetzee@gmail.com

KURSUSSE EN KAMPGELD:

WIE	KOSTE	KURSUS	
Kleuters (Krappies)	R280.00	Altyd speeltyd!	
Graad 1	R380.00	Kind van Jesus	
Graad 2	R380.00	Waterveiligheid	
Graad 3	R380.00	Godsdiens	
Graad 4	R380.00	Waterfiksheid	
Graad 5	R380.00	Brandweer	
Graad 6	R380.00	Varswaterhengel	
Graad 7	R380.00	Waterveiligheid	
Offisiere	R350.00		
Kursus leiers	R300.00		
Volwassenes in Kombuis	R300.00		
Verkenners: Gr8 - 12	R380.00	Padda-identifisering / Radiospraak / Fotografie	
Gr 11, 12 & ouers/offisiere	R500.00	Noodhulp (Ontvang Sertifikaat vlak1 noodhulp)	

Sluitingsdatum: Woensdag 25 September 2019 – **Maak seker van jou kommando se sluitingsdatum!**

LeMetsi Groete